# Hoofstuk 1 Die Aanhef / Surah Al-Fatiha

(Die eerste in geheel geopenbaarde hoofstuk)

Met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste.

1. Alle lof kom Allah toe, die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van die wêrelde.

2. Die Alomgenadige, die Genadigste.

3. Die Skepper-Eienaar en Regter van die Oordeelsdag.

4. U alleen aanbid ons, en U alleen vra ons om hulp.

5. Lei ons op die Regte Weg en wys ons hoe om volgens U wil te lewe, (K2:2 & K3:3)

6. die weg van hulle aan wie U guns betoon het omdat U tevrede met hulle was en wie U geseën het,

7. nie die weg van hulle op wie U toorn neergedaal het omdat U met hulle ontevrede was en vir wie U gestraf het omdat hulle nie meer volgens U Wil lewe nie. (K3:137)